| | | | om 500 te gee en dan vra ons meer as 200% terug op dit wat ons hulle gee.<br><br>D. Is dit binne die raamwerk van die wet?<br><br>E. Dan vra ek, ons het die, apparently het ons die ding aan hulle verkoop is 1998. In 1998 was ons nog nie distriksmunisipaliteit nie, is ek reg? So die amalgumasie van munisipaliteite het na dit gebeur.<br><br>F. Hoe kom ons met dit waar ons met mense sit wat so 'n ope kontrak het vir soveel jaar het en nou sit ons met 'n settlement waar die Mayor in ge-compromise word, mense word ge-compomise in die ding in en die woord op die straat is hulle is agterstallig met hulle betaling aan Cederberg, maar ons moet nou sit om met hulle…<br><br>G. Hoekom neem ons nie net een keer 'n besluit (inaudible) die mense nie en mandateer die MM om iemand te kry om 'n ondersoek te doen sodat ons kan kyk wat is die criminality binne die ding; want as ons buitekant toe gaan dan word daar gesê, ja maar Ruben Richards (sorry dat ek nou sê 'ruben') het gesê die, Farmer is corrupt, die mense is die want sekere mense kry voorkeur binne die munisipaliteit.<br><br>H. Ek wil ook graag weet Speaker, wie het die Mayor adviseer om 'n document te teken wat hom compromise. Ek dink nie hy sal dit willends-en-wetens doen dat hy homself compromise nie. Wie het hom ge-adviseer om hom so te compromise. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | I. As dit die geval is dat 'n amptenaar hom so ge-adviseer het, moet daar consequence management wees vir daai amptenaar, want hulle kan mos nie die Mayor so compromise nie; en as hulle die Mayor so compromise, compromise hulle vir ons as Raad van Cederberg.<br><br>J. So Speaker, laat ek maar eers daar maar stop. |
| **89** | Speaker:<br>Cllr. J Hayes | | A. Raadslid Farmer, baie dankie. Jy het nou van die 1 spektrum tot die ander gegaan.<br><br>B. As ons gaan kyk na die recommendations, dan sien ons dat 3 en 4 maak voorsiening vir dit wat jy gepraat het van:<br><br>*4. That the Municipal Manager be mandated to perform all functions related to and incidental to the execution and implementation of all Council resolutions, to ensure compliance into relevant legislation.*<br><br>*3. That the Municipal Manager be mandated to perform all functions related to the execution and implementation of debt collection measures against Clackson Power (Pty) Ltd.*<br><br>C. Ek wil net vir jou regstel.<br><br>D. Clackson het 'n gewone kliënt geraak volgens die settlement ooreenkoms wat hy betaal vir sy eenhede gebruik.<br><br>E. Cederberg betaal hom vir (inaudible) generator en Clackson betaal vir Cederberg vir die eenhede wat hulle trek. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | F. Dis nie 'n ruil meganisme 500 KVA vir 1000 nie. Dis net die 500 is die maksimum wat hulle mag trek en die 1000 is maksimum wat hulle teen enige tyd mag terug sit in die grid.<br><br>G. Dit is nou soos Randall September gesê het dat Clackson oorskry sy… |
| **90** | Councillor:<br>A Mouton | | A. Speaker, as Clackson net allow is om 500 KVA te trek, hoekom sit ons nie measures in plek, Randall, dat hulle nie meer trek nie, want ek lees hulle trek oor die 200 KVA ekstra. |
| **91** | Councillor:<br>A Scheepers | | A. Speaker, sorry gou Manager.<br><br>B. Ek het nog laas gevra is daar enige persone wat ge-compromise word in die;<br><br>C. ...En dan wil ek miskien ook nog by vra. Is daar miskien iewers in dokumente waar vir ons 'n aanduiding gegee word wie was Clackson Power se ander kliënte behalwe die munisipaliteit, asb.<br><br>D. 2 vrae, is daar mense? Is daar 'n lys?, weet ons wie die persone is wat krag gekry het?.<br><br>E. Dankie. |
| **92** | Speaker:<br>Cllr. J Hayes | | A. Raadslid Scheepers ons kom nou by jou. Laat Randall net gou vir Raadslid Mouton beantwoord.<br><br>B. Randall jy kan maar antwoord vir Raadslid Mouton. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **93** | Manager: Electro-Technical Services:<br>Mr. R September | | A. Dankie Speaker. Voor ek vir Raadslid Mouton antwoord, kan ek nie 'n voorstel maak nie, want ek kom agter daar is 'n miskonsepsie van wat ons in die dokument sê.<br><br>B. As ek miskien kan toegelaat word om my weergawe te verduidelik, glo ek, ek gaan dit baie klarigheid gee oor die vrae wat julle gaan het.<br><br>C. Dis net 'n voorstel Speaker. |
| **94** | Speaker:<br>Cllr. J Hayes | | A. Jy kan maar aangaan. |
| **95** | Manager: Electro-Technical Services:<br>Mr. R September | | A. Okay, soos wat ek gesê het in die dokument, ons het 'N aansoek ontvang vanaf clackson power vir 1 mw of groter fasiliteit. Nou die Elektricity Regulations Act, schedule 2 maak voorsiening vir 3 gevalle of 3 kondisies.<br><br>B. <u>KONDISIE 1</u>: minder as 1mg. Dis 'n gewone sseg kliënt. Dit is nou iemand wat by sy huis wil son panele opsit of op 'n fabriek. Hy moet aansoek by die munisipaliteit. Daar is natuurlik dokumentasie soos bv. Commisioning, registrasie, en almal onder 1 mw is daar geen lisensie betrokke nie. Die wet sê hy moet net registreer en dit is net vir own consumption. Die enigste persone aan wie hy mag in die elektrisiteit en die netwerk terug sit is dan net die verspreidingsowerheid. Wat dan nou die munisipaliteit is. Dis die 1 kondisie.<br><br>C. <u>KONDISIE 2</u>: die ander kondisie, en dis waar die verwarring inkom. Dit is vir fasiliteite groter as 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | mw. Hy het 2 afdelings. 1 afdeling is vir own consumption, eie gebruik. Kom ons vat vir clackson power. Ons moenie gaan kyk van wat hulle wil terug sit in die grid nie. Die wet sê jy moet gaan kyk na wat is sy opwekkingskapasiteit; en van tye van dit het hy nog aangedui dat sy opwekkingskapasiteit 1.5 mw is. Dis klaar groter as 1 mw. So hy is nou nie meer sseg nie, hy is nou 'n embedded generator, maar daar is nogsteeds streng kondisies wat relevant is tot embedded generators. Hy moet registreer by nersa as 'n embedded generator. As ek 'n plaas het en ek wil 'n 2 paneel sonpaneel system opsit om my plaas aan die gang te hou moet ek nogsteeds… |
| **96** | Councillor:<br>A Mouton | | A. Speaker deur u, besit Clackson Power die licence vir die 1mw generating?<br><br>B. Is hulle authorised?<br><br>C. Besit hulle die licence vir dit besides die distribution licence? |
| **97** | Manager: Electro-Technical Services:<br>Mr. R September | | A. Ekskuus, ek gaan nou by dit kom. Ek wil gou net eers daai vir u verduidelik dan gaan ek dit aanraak.<br><br>B. … En jy wil daai elektrisiteit gebruik om jou plaas krag te gee, sê Nersa, dan het jy nie 'n lisensie nodig nie, want daai is vir own consumption.<br><br>C. Die oomblik, as jy besluit ek wil vir Alice se plaas, wat langsaan sit, ook krag gee, jy wil die krag |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | wheel na Alice toe, of dit nou deur jou eie netwerk is of deur 'n owerheid se netwerk is, dan is daar 'n lisensie van toepassing.<br><br>D. Wat het ons gaan doen? Ons het 'n professionele, as u kyk in paragraaf nr. 2, ons het professionele konsultante aangestel met die naam 'Liners'. Hulle het die elektriese vloei tussen Cederberg munisipaluteit en Clackson Power gaan annaliseer en hulle het weereens bevestig dat Clackson Power nie comply nie, in terme van 2 redes:<br>E. <u>Rede 1</u>: hulle kan nie aan ons 'n generation lisensie verskaf nie.<br><br>F. <u>Rede 2</u>: hulle kan ook nie aan ons 'n distribusie lisensie verskaf nie.<br><br>G. Onthou, dit is 'n aansoek wat ons nou gekry het. Ons is terug by die aansoek, vergeet gou van vorige kontrakte en wat in die verlede gebeur het. Kom ons praat oor die huidige.<br><br>H. Ons kan nie die aansoek verder oorweeg nie. Ons het 'n proses wat stap-vir-stap verduidelik van wat moet geskied. Jy moet 'n aansoek submit, ons moet jou aansoek review, dan moet ons begin met vetting, en vetting sluit hierdie goed in. Die oomblik as ons agterkom dat jy is connected aan ons grid en deel van ons vetting dui aan dat daar is non-compliance issues, is ons dan genoodsaak om op te tree.<br><br>I. Ek wil nie vandag hier uitstap en dan het ek nie my werk reg gedoen deur vir julle nie die goed te sê nie. Ek gaan nie die goed sê om iemand |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | te please nie. Dis ongelukkig op wit en swart en dis ongelukkig die waarheid. Ons kan dit bewys.<br><br>J. Dan sal u sien in paragraaf nr. 3 dit is ook opgetel dat die elektrisiteit wat Clackson Power huidiglik terug sit in ons grid, omdat dit non-compliant is, veroorsaak dit liability aan ons in terme van fooie betaalbaar kan wees aan eskom. |
| **98** | Councillor:<br>M Bergh | | A. Randall ons gaan te dom bly, maar wat beteken non-compliant. |
| **99** | Manager: Electro-Technical Services:<br>Mr. R September | | A. Suid-afrika het 'n grid code. Kom ons sê die netwerk kode het sekere kondisies. Dit sê bv. As jy aan ons netwerke Connect is en jy wek krag op, moet jy op dieselfde Frequency hardloop as wat ons hardloop.<br><br>B. Ek dink Raadslid sal verstaan wat ek bedoel. Die voltage moet dieselfde wees. Your vector grouping, your phasing moet dieselfde wees en sulke tipe goed. Nou ons het onder andere 'power factor', en dis waarna ek wil kom.<br><br>C. Hulle affekteer ons power factor baie negatief.<br><br>D. Wat is power factor? Ek gooi vir my 'n glasie bier, aan die bokant van die bier maak hy skuim. Dis die reaktiewe energie en ek kan niks met dit maak nie. Ek kan net die aktiewe energie in die onderkant gebruik. So hy veroorsaak daai effek. Nou wat maak Eskom? Hy bill vir jou op die hele kern power, op die hele glaas. Hy gee nie om hoeveel jy kan of nie kan gebruik nie. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | E. Dan het ons ook opgetel dat die huidige settlement agreement voldoen ook nie aan die kondisies van die huidige settlement agreement nie. Die settlement agreement sê bv., ek dink dis in punt nr. 6, ek praat onder korreksie, sê dit dat hy moet vir ons gereelde energie tabelle aanstuur. Ons sukkel om daai energie tabelle by hom te kry. Hy sê ook dat hy mag nie meer as 500 KVA by ons trek nie en hulle trek gereeld meer as 500 KVA.<br><br>F. Die rede hoekom ons hom nie kan limit op die 500 KVA nie, die settlement agreement maak voorsiening dat hy kan 1000 KVA terug sit. Energie vloei mos in enige rigting; en die toestel wat ons opgesit het op die lyn, ons het toerusting ingehad wat hom ge-limit het op 500 KVA, maar dan het dit veroorsaak ons blaas fuses as dit oor daai 500 KVA gaan wat hy terug sit. Toe was ons genoodsaak agv. Die settlement agreement, om die fuses te rate tot op 1000 KVA wat hy kan terug sit.<br><br>G. Ek hoop daai antwoord die vraag oor die 500 KVA.<br><br>H. Dan ook het Cederberg Munisipaliteit in, ek praat onder korreksie, in 2021 of 2022 deur middel van SALGA en Nersa samewerking met Nersa en gazette ‘n Small Scale Embedded Generational Policy ontwikkel, die SSEG Policy ontwikkel; en ons het met die huidige ondersoek weereens opgetel dat Clackson Power opereer buitekant die parameters van die munisipaliteit se policy. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | I. Ons het aan Clackson Power kennis gegee en gese, jy moet ongelukkig registreer as ‘n SSEG kliënt volgens hierdie kontrak en dan is daar mos nou sekere reëls van toepassing of kondisies van toepassing.<br><br>J. Tot op hede fail Clackson Power om te registreer as ’n SSEG kliënt.<br><br>K. Net om vir u konteks te gee, ons het laas jaar ‘n besigheid in lambertsbaai afgesit agv die non-compliance, omdat hulle weier om te registreer. Ons sit weer met so ‘n geval en hierdie keer is dit nou net bietjie meer ingewikkeld.<br><br>L. Dan ook die energie wat dan vloei vanaf Clackson Power, omdat die quality van die energie, omdat ons dit nie kan beheer nie, is op hierdie oomblik en kan gevaarlik raak vir ons werknemers. Sou iemand op daai lyn klim om werk te gaan doen en hulle besluit hulle start of maak whatever, whenever, dan kan ons met ‘n fatality sit. Dit kan ook ons infrastruktuur skade doen.<br><br>M. Ons het ‘n transformer waarop hulle inkoop. Dit kan daai transformer skade laat opdoen, want soos ek weereens sê, hulle grid code, hulle voldoen nie aan die grid code nie.<br><br>N. Dan is daar mos nou ‘n material breach van daai huidige settlement agreement. Ons het ook aan hulle gevra om dan nou aan ons hulle generation- en distribusie lisensie te gee. Nou die wet sê ook as iemand by my krag koop, as |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | ek 'n generator het en iemand koop my krag vir die doel om te herverkoop, her-distribusie, whatever, moet ek seker maak dat daai persoon het relevante tariewe ook in plek wat deur Nersa goedgekeur word. Dit is 1 van die redes hoekom ons die lisensie van hulle versoek om te bevestig het hulle tariewe in plek en omdat ons die verspreiding (inaudible) is, kan ons liable gehou word as ons nie dit doen nie.<br><br>O. So ek wil u net caution op dit. Van die Tegniese Departement af dat ons kan ongelukkig nie stil sit en stil bly oor dit nie.<br><br>P. In die voor laaste paragraaf sê ek dat die Electtricity Regulation Act, het mos nou daai verskeie requirements in terme van embedded generators en ons moet seker maak dat hulle comply in terme van (inaudible) distributers, soos wat ek nou verduidelik het.<br><br>Q. Dan het hulle ook geen effort gedoen om aan ons 'n lisensie te verskaf nie. Laas jaar 12 September 'n affidavit vanaf Nersa ontvang wat dan aandui, die lisensie wat hulle ten tye van die litigasie voorgehou het, nie wettig is nie, maar wat hulle mos nou aandui en in dispuut is by Nersa. |
| **100** | Councillor:<br>W Farmer | | A. Speaker, ek is nou… |
| **101** | Speaker:<br>Cllr. J Hayes | | A. Ekskuus, ons gaan net gou terug na Raadslid Scheepers |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **102** | Councillor:<br>A Scheepers | | A. Ek het 2 vrae gevra speaker.<br><br>B. Die 1 vraag was gewees, is hier enige persone wat ge-implicate word in die hele situasie dat hulle net die raadsaal moet verlaat. Dis die 1 ding.<br><br>C. ...En die ander vraag is, is daar dalk 'n lys van persone, omdat dis mos in-komitee en ek dink ons kan aanvra as hulle dit vir ons kan gee.<br><br>D. Is daar 'n lys van mense wat Clackson Power krag van voorsien het.<br><br>E. Dankie. |
| **103** | Councillor:<br>W Farmer | | A. Speaker, ek is nou heel dumbstruck.<br><br>B. Council gaan in 'n Council Meeting in en gaan neem 'n besluit dat die MM moet gemandateer word om 'n settlement agreement te gaan doen met Clackson Power.<br><br>C. Vandag hoor ons nou van die klomp goed wat Clackson Power nie het nie.<br><br>D. Hoe het Administrasie, ek sê weer hoe die Mayor ge-compromise is;<br><br>E. ...En ek sê weer hoe het die Raad 'n decision gemaak op 'n settlement agreement sonder die information wat nou vandag available is.<br><br>F. Of was die information maar hoeka available en dit was wederregtelik of doelbewus weggehou van Council af. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | G. Soveel so dat die Mayor daai settlement agreement teken.<br><br>H. As dit wel die geval is Speaker, sal ek weer sê, dan moet daar consequence management wees.<br><br>I. Dit is totaal en al onaanvaarbaar dat Cederberg Munisipaliteit besigheid doen of in agreements of MOU's of MOA's gaan met mense, met companies wat nie die nodige goed het nie. Hulle het nie die nodige protokolle nie. So hoe het dit daarby gekom.<br><br>J. Dan praat ons nie eens van hoe hulle buite die wetgewing opgetree het nie, buite die MFMA opgetree het nie. Dat hulle so 'n lang kontrak het met Cederberg Munisipaliteit.<br><br>K. Ek wil graag weet, ek ek wil by Councillor Scheepers aansluit, is hier mense om die tafel, wat benefit uit die ding uit?, want dit is totaal en al onaanvaarbaar en as dit so is Speaker, moet ons met mekaar oop wees en praat. Ons kannie die ding net as gelate aanvaar nie, want as ek in sy stoel was… dan het ek jou hier buitekant gewag en jou duike uitgeslaan, want jy compromise my.<br><br>L. ..En jammer om dit so te stel, daar moet eintlik 'n kriminele saak gemaak word teen die Mayor, want hy gaan doen 'n ding buite die raamwerk van 'n Mayor.<br><br>M. Dis nie 'n virement report wat hy kry wat hy deurgaan en besluit ok dis 'n virement report ok, |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | hier het hulle geld geskuif daarnatoe… hy het in 'n settlement agreement gegaan vir die munisipaliteit met Clackson Power. Hy het nie daai magte nie.<br><br>N. ...Maar ek weet ook, die paar jaar wat ek hom ken, hy sou dit nie geweet het nie, so iemand moes hom ge-adviseer het. Wie is daai mens? Daai mens moet gereprimand word, daar moet consequence management wees. |
| **104** | Speaker:<br>Cllr. J Hayes | | A. Dankie Raadslid Farmer.<br><br>B. Is daar enigeen wat hier teenwoordig is wat wil aandui dat hy konflik van belange het, dan moet hy nou dit so sê. |
| **105** | Councillor:<br>J Van Heerden | | A. Speaker, as ek iets mag vra. Wat word bedoel met konflik van belange, want hier sit ek met 'n in-komitee resolution, resolved, wat se:<br><br>*Council noted the signing of agreement as per council resolution dated and that this matter is now concluded.*<br><br>B. …En u as speaker, het dit geteken. So by implikasie, is die volle raad ge… |
| **106** | Speaker:<br>Cllr. J Hayes | | A. Wat ek bedoel met konflik van belange, konflik van belange gaan oor Clackson, nie oor die Raad nie.<br><br>B. Ons is almal ge- impliseer, deur die raadsbesluite, die konflik van belange gaan oor die… 'n Raadslid wat 'n direkte of indirekte belang met Clackson het… dit was die vraag. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **107** | Councillor:<br>A Scheepers | | A. Speaker, punt van orde Speaker.<br><br>B. Ek dink, as ek reg is was u op bladsy 19/22 gewees…<br><br>*Council noted..*<br><br>Which means, niemand het ge-vote op dit nie. As ons na die vorige bladsy 19 gaan kyk was daar 'n update oor die clackson power settlement discussions, en daar was 'n hele paar resolusies geneem. Ek wil dit graag op rekord sê:<br><br>C. Nr. 4 op bladsy 19 sê:<br><br>*That a duly signed settlement agreement between the parties be submitted to the Mayor and speaker within two weeks of the adoption of this resolution by Council.*<br><br>D. En dan... Wie het gestem vir dit:<br><br>*For: - Proposed: Clr. M Bergh*<br>*Seconded: Clr. L Venter*<br>*Counter Proposal: Clr. F Kamfer*<br>*Seconded: Clr. P Strauss*<br><br>*FOR AGAINST*<br>*4- CE 3 - ANC*<br>*2- DA*<br>*1- FFF*<br><br>E. As dit kom by implicate, wil ek vra vir die speaker, is dit dan nie die 3 wat gesê het nee, maar ons stem nie saam met dit nie. Word hulle dan nou in dieselfde lig gesien?, want ek glo as |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | ek gesê het ek stem nie saam nie, kan ek nie liable gehou word vir 'n ding nie. So ek wil net raadslid van heerden se siening daaroor hê, want by bladsy 22 was daar slegs gesê, "NOTED", so niemand het ge-vote daarop nie.<br><br>F. Baie, baie dankie. |
| **108** | Speaker:<br>Cllr. J Hayes | | A. Ekskuus tog Raadslid Scheepers, ons wyk nou af van die item af. Hierdie item is nie ter sprake oor Raadslede nie.<br><br>B. Hierdie item ter sprake gaan oor Clackson en dis in verhouding met wat die Raad goedgekeur het tussen Clackson en Cederberg Munisipaliteit.<br><br>C. So ons verrigtinge hier gaan nie nou oor Raadslede nie. Dit gaan oor Cederberg en Clackson, maar die Raad se betrokkenheid omdat die Raad het sekere besluite gemagtig en 'n mandaat gegee vir die MM daartoe.<br><br>D. So kom ons bepaal by dit. |
| **109** | Executive Mayor:<br>Cllr. R Richards | | A. Speaker, miskien sal dit help as Joos die voorstel lees en dan gee dit 'n bietjie konteks. Deur u. |
| **110** | Speaker:<br>Cllr. J Hayes | | A. Raadslid Engelbrecht? |
| **111** | Councillor:<br>A Scheepers | | A. Speaker, die voorstel is dat Administrasie 'n senior advokaat aanstel om die nie-nakoming van die skikkingsooreenkoms te bestudeer, met die partye te konsulteer en 'n volledige verslag aan die Raad voor te lê teen einde Januarie 2025. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **112** | Councillor:<br>W Farmer | | A. Speaker, ek hoor nou die voorstel wat die beherende komponent maak, Speaker.<br><br>B. My vraag is nogsteeds, wat ek vra is, was Council bewus van al die feite wat nou voor ons is toe hulle die besluit neem rondom die settlement agreement.<br><br>C. Om nou iemand te gaan aanstel gaan die Raad 'n paar duisende rande kos – om 'n investigation te gaan doen rondom die ding; en terwyl die investigation gedoen word en 'n report gedoen word wat moet terug kom einde Januarie 2025, hoeveel water het alweer in die see geloop met die Clackson Power. Hoeveel krag is al gevat al weer.<br><br>D. So my ding is Speaker, laat ons hou by die recommendation wat vir ons voorgehou word, want in die recommendation word daar gevra:<br><br>*...perform all functions related to and incidental to the execution and implementation of all Council resolutions, to ensure compliance into relevant legislation.*<br><br>E. So, dit is wat in die recommendation ook voorkom;<br><br>F. ...Maar niemand het nog geantwoord op mense wat belange het hier nie. |
| **113** | Speaker:<br>Cllr. J Hayes | | A. Goed, kan ek net 'n antwoord kry.<br><br>B. Is daar enige Raadslid wat bewus is daarvan dat hy 'n direkte of 'n indirekte belang by Clackson Power het. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **114** | Councillor:<br>W Farmer | | A. Ek wil net gou seker maak Speaker.<br><br>B. Ddaar was ‘n voorstel gewees. Moet ons nie dit eers hanteer nie? |
| **115** | Speaker:<br>Cllr. J Hayes | | A. Nee, ons hanteer eers die vorige vraag wat ons gesê het, en dan het ons ‘n teenvoorstel ook gehad.<br><br>B. So die vraag was is daar enige Raadslede wat bewus is daarvan dat hulle ‘n direkte of indirekte belang het by Clackson Power. |
| **116** | Councillor:<br>A Scheepers | | A. Speaker, ek wil miskien net sê, dat wanneer ons die…. Hier moet glad nie nou meer gesprekke voortgesit word alvorens daar nie clarity gegee word oor my vraag nie Speaker, want as hier is, dan is hulle nog heeltyd deel en ek is nou nog die heeltyd deel van die gesprek en volgens my kennis is dit wanneer ons begin met ‘n item, dan moet ons al daai vraag… of dit moet al gevra gewees het in daai persone of die persoon moes al van die begin af.<br><br>B. So ons is nou al by recommendations Speaker; en dit het beteken dat die item was mos nou al afgehandel op die einde van die dag.<br><br>C. So, kan ons net miskien my vraag beantwoord Speaker.<br><br>D. Baie dankie. |
| **117** | Speaker:<br>Cllr. J Hayes | | A. Raadslede, ek wag vir jul antwoord. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **118** | Executive Mayor:<br>Cllr. R Richards | | A. Speaker, almal weet, nee nie almal nie, my boerdery is ‘n kliënt van Clackson. Namakwaland citrus, is ‘n kliënt van Clackson.<br><br>B. Clackson het seker 5 of 8 kliënte. Dit is nie ‘n geheim nie.<br><br>C. Deel van die ooreenkoms is dat Clackson al die krag wat aan die kliënte verskaf word, aan Nersa moet rapporteer. So dis deel van die ooreenkoms, so..<br><br>D. Dis nie ‘n geheim nie.<br><br>E. Ja, ek is Namakwaland Citrus is al, ek weet nie, al vanaf 2016 miskien? ‘n kliënt. |
| **119** | Speaker:<br>Cllr. J Hayes | | A. Nog Raadslede wat kliënte is of direkte belange het daar? |
| **120** | Councillor:<br>A Scheepers | | A. Speaker, dan sal ek dan nou vra… die Mayor het mos nou gesê, ek het nie geweet nie, dat die Mayor dan nou die Raadsaal moet verlaat, want ons gaan nou vote en hy, volgens my kennis, mag hy glad nie deelneem nie; want toe ons verklaar het Raadslede, waar het jy belange, glo ek was Namakwaland Citrus deel van die … nou ja, dis ma eintlik al wat ek vra.<br><br>B. Dankie. |
| **121** | Speaker:<br>Cllr. J Hayes | | A. Goed |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **122** | Councillor:<br>W Farmer | | A. Speaker, u sien, dit is wat die ding so moeilik maak… en ek kom nou weer terug na die settlement agreement toe wat geteken was. Ek sê weer, of die Mayor is willends-en-wetens dit gedoen, of was hy regtig innocent in die teken van die agreement omdat hy so geadviseer was.<br><br>B. Hy't in 'n settlement agreement gegaan teenoor iemand wat aan hom 'n diens verskaf – dit maak dit nog erger.<br><br>C. Dis hoekom ek sê, miskien het hy willends-en-wetens, maar ek glo nie. Ek dink hy is 'n man van edele inborste, so ek wil myself sê ek glo nie hy het dit willends-en-wetens gedoen nie. Ek dink hy het gereageer op advies wat hy gekry het dat hy dit moet teken, maar hy moes dit nie geteken het nie, want hy is 'n kliënt van Clackson Power en hy het 'n settlement agreement met 'n kliënt van hom gedoen as Mayor van Cederberg Munisipaliteit. Dit maak dit soveel erger.<br><br>D. Ek gee hom die *benefit of the doubt*. Hy het dit gedoen op advies en dit maak dit soveel erger die mense wat hom geadviseer het. Ek glo, hier waar ek nou sit, glo ek iemand is besig om hom te implicate in goed wat hy genuinely nie geweet het nie, dat hy dit moes doen nie.<br><br>E. Om terug te kom Speaker, die ding is nie so maklik soos wat ons dink om die voorstel wat Raadslid Engelbrecht gebring het te laat deur gaan nie. Die ding is baie dieper as net dit, Speaker. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | F. Hier praat ons van… ek dink as iemand net kan sê wat is die verliese wat die Raad gelei het, like ‘n bedrag. Dan kan ons nou sê okay, dit was die verliese en dit moet ons gaan terug kry daar, want in die hydro plant was ‘n asset van die munisipaliteit wat verkoop was aan Clackson in 1998.<br><br>G. Dan moet ons onsself gaan vra dat, dit maklik om op facebook te sê dies corrupt en die is wat, maar Administrasie wat moes gaan kyk het na die goed. Hoekom het administrasie dit nooit Raad toe gebring en gesê maar die kontrak moes al lank verval het nie.<br><br>H. Die dag toe die MFMA inskop toe moes hulle mos gaan kyk het dat al ons service providers binne die wetgewende raamwerk is van wat die MFMA sê.<br><br>I. Ons kan verder gaan, en ek wil nie van die punt af gaan nie, hier is ‘n klomp goed wat ‘n mens nog na kan kyk, erf 279 sê Jennifer, is verkoop. Henry sê dis ‘n call for proposal gewees en dit moet nog Raad toe kom, maar in die 1 kant is dit verkoop, maar dit moet nog Raad toe kom ook. Wat is dit eintlik?<br><br>J. So ek wil nie van die punt af gaan om te sê (inaudible), maar ek wil net sê die irregularities wat daar is wat vir my voel dit kom van Administrasie af, of as ‘n politician, kan ek sê die beherende komponent het geweet daarvan en die beherende komponent is in ‘kahoots’ met die ding want hulle moet somehow pay |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | back aan hulle funders. Ek kan as politician, daai argument het; en met daai argument kan ek die wêreld in hardloop.<br><br>K. Dit gaan nie oor my saak, dit gaan oor om vir Cederberg te help, en dit is waaroor dit gaan. |
| **123** | Executive Mayor:<br>Cllr. R Richards | | A. Just for the record:<br><br>B. I would like to express a word of appreciation for his perspective. I was advised, as the transcript said, by the lawyers to sign the agreement; and we as Council thought it was probably the right thing to do; but given what Councillor Farmer has said, it was probably not the right thing to do. So, it's a lesson learned.<br><br>C. Ons is maar rookies in die game. (inaudible), but thank you Councillor Farmer. |
| **124** | Acting Municipal Manager:<br>Mr. R De Ridder | | A. Speaker if i may.<br><br>B. Ek dink net so bietjie meer konteks.<br><br>C. Die kontrak was mos nogsteeds deur die MM geteken namens die munisipaliteit. Ek dink die advies wat 10 teen 1 aan die burgemeester was van die prokureur af is net om … ek weet wat het hulle gedink daai tyd toe hulle dit aanbeveel het nie, maar dit het nie dokument wettig gemaak nie. Die dokument was wettig toe Clackson geteken het en die MM, maar ek hoor wat die Raadslid sê. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 125 | Councillor:<br>W Farmer | | A. Point of order.<br><br>B. Maybe the Acting MM must go and look at the agreement. The agreement says “on behalf of Cederberg Municipality”. Then the mm signed and then the Mayor signed. Nothing in between the signature of the Mayor or the MM and the Mayor is there something that says : to validate the agreement, or whatever nie.<br><br>C. So it says here,, in my understanding, that the MM and the Mayor signed on behalf of Cederberg Municipality. |
| 126 | Speaker:<br>Cllr. J Hayes | | A. Goed, ekskuus tog, kan ek net orde gou kry.<br><br>B. Ons wyk nou van die hele item af. Terug na die item. Die item is besluit to rescind all the previous decisions. |
| **127** | Councillor:<br>W Farmer | | A. Speaker, on a point of order. We are not away from this thing. This is part and parcel of the item.<br><br>B. So we need to make sure that everybody understands that the Mayor does not have the delegated power from Council or from anyone, to sign such an agreement. So the essence and the seriousness of this thing is that the Mayor was compromised.<br><br>C. So the mayor must insist that Council mandate the MM to do consequence management. There must be consequence management.<br><br>D. You can’t say that’s not part and parcel of the item. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **128** | Councillor:<br>A Scheepers | | A. Speaker, point of order Speaker.<br><br>B. My versoek is nog steeds. Die Mayor het nou erken dat hy nie deel is van Clackson Power nie, maar dat hy ook krag vanaf Clackson Power ontvang het.<br><br>C. Gaan ons nog steeds die Mayor toelaat in die gesprekke of… |
| **129** | Speaker:<br>Cllr. J Hayes | | A. Raadslid Scheepers ek kom nou by dit. Ek dink ons het nou genoeg dit bespreek.<br><br>B. Die item vir die dag gaan oor of Cederberg munisipaliteit, met die risiko wat ons meegedeel is, dat ons nie comply volgens die wet nie, of ons voortgaan om vir Cederberg Munisipaliteit bloot te stel aan die risiko.<br><br>C. Die besluit as ons wil voortgaan met die risiko. |
| | Councillor:<br>A Scheepers | | A. Speaker, point of order, asb.<br><br>B. Speaker ons moet clarity kry… gaan die Mayor toegelaat word in die gesprekke, ja of nee.<br><br>C. Dit is wat ek wil weet. |
| **130** | Speaker:<br>Cllr. J Hayes | | A. Raadlsid ek kom nou by dit. |
| **131** | Councillor:<br>A Scheepers | | A. Point of order Speaker.<br><br>B. Speaker ek wil graag nie hê dat die Mayor of enige persoon wat deel is van die hele storie, deel is van verdere kommunikasie of verdere |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | bespreking nie, maar as u so rule of as ons moet, dan is dit nou so,….<br><br>C. Maar ek wil net clarity hê op my vraag, asb. Speaker.<br><br>D. Baie dankie. |
| **132** | Speaker:<br>Cllr. J Hayes | | A. Raadslid Scheepers, ek wil net gou my opsomming maak en dan gaan ek jou ruling maak.<br><br>B. Alice?. |
| **133** | Manager Administration and Legal Services:<br>Mrs A Wilton | | A. Speaker before you make a ruling, you are guided by item 6 of schedule 7 of the structures act.<br><br>B. So the Mayor did disclose his interest and the Council has to decide whether the Mayor, by voting, have to decide whether the Mayor must exit or not. Whether he must withdraw from proceedings.<br><br>C. I have it here, i can through it on the screen.<br><br>D. So that decision must be made and then you can go ahead and deal with the legalities regarding the resolution. |
| **134** | Speaker:<br>Cllr. J Hayes | | A. Raadslid Van Heerden? |
| **135** | Councillor:<br>J Van Heerden | | A. Speaker, kan ek vir ‘n 5 minute koukus vra op hierdie stadium? Baie dankie |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **136** | Speaker:<br>Cllr. J Hayes | | A. Kan ek eers my ruling maak? |
| **137** | Councillor:<br>J Van Heerden | | A. Voor jy die ruling maak, asb. |
| **138** | Speaker:<br>Cllr. J Hayes | | A. Goed. 5 minute, nie soos netnou nie. Dankie. |
| **139** | 5 MINUTES CAUCUS BREAK | | |
| **140** | Speaker:<br>Cllr. J Hayes | | Alice kan jy net gou weer vir ons die wetgewing lees en dit wat jy sopas vir ons gesê het. |
| **141** | Manager Administration and Legal Services:<br>Mrs A Wilton | | A. A Councillor must disclose to the municipal council or to any committee. This is a Council, of which the Councillor is a member any direct or indirect pesonal or private business interest at that Councillor, or any spouse, or any partner or any business associate of that Councillor may have in any matter before council or committee (that is the one section)<br><br>B. Then there is a 2nd section. The provisol that Councillor must withdraw from the proceedings of the Council or the committee when the matter is considered (that means during the debate as well) by the Council or the committee unless the Council or the committee decides that the Councillor's direct or indirect interest in the matter is trivial or irrelevant.<br><br>C. So the important thing is this Council has to decide. The business interest of the Mayor, is it, in terms of the provision, trivial or irrelevant? |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | D. ..And then in terms thereof, make a decision whether the Mayor can stay or not; but it is a Council decision, not an Administrative decision.<br><br>E. So I suggest that Council vote on that. |
| **142** | Speaker:<br>Cllr. J Hayes | | A. En dan kan jy vir ons die legal issue lees ook ten opsigte van illegal decisions. Compliance issues? |
| **143** | Manager Administration and Legal Services:<br>Mrs A Wilton | | A. That is found in item 3. Everyone attended the session when province gave us the workshop.<br><br>B. So, voting at meetings - a Councillor may not vote in favour of or agree to a resolution which is before Council or committee of Council which conflicts with any legislation applicable to Local Government.<br><br>C. That's why I wrote the item this way.<br><br>D. I only became aware of the non-compliance, 2 weeks ago. I was not part of the settlement agreement discussions, I didn't advise anyone to sign or…<br>E. I understand Albertus Erasmus actually, he was dealing with the issue. When I became aware 144of it, I immediately escalated it to the Acting Municipal Manager and we then had a meeting with Randall and we agreed that we would, in the interest of Council, to make a decision to sever the ties until the regulatory requirements are met. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | F. That was , just a second, it's not a council decision; that was the Administration's decision to advise Council that we must at all times follow the regulatory provisions before we sign contracts.<br><br>G. In law you have your provisions, i.e. your procurement contracts. There are certain procedures which is required and then it's the contract that is entered into. It's a merging between legislation and contract law.<br><br>H. The problem is we are all bound in terms of the principal of legality. So this Council, and that is why we escalated it as a matter of urgency, this Council is now aware that on advise of our expert, the person who is providing or who is on our system, does not have the necessary paperwork or licencing to be on our system and that is an extreme concern, but it's still a Council decision and each Councillor must vote in terms of law or they must then decide to deviate from the recommendations and then vote against the advice from the Administration. |
| **144** | Speaker:<br>Cllr. J Hayes | | A. Randall? |
| **145** | Manager: Electro-Technical Services:<br>Mr. R September | | A. Dankie Speaker.<br><br>B. As ek net kan aanvoeg by Alice.<br><br>C. Dis baie belangrik dat ons moet kennis neem dat ons weet nou van die legalities, kom ons noem dit; en dit kan vir ons net nadelig wees sou |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | Nersa besluit hulle doen ‘n onmiddellike oudit op ons en ons is bewus van dit.<br><br>D. Ons sit met ‘n distribusie lisensie wat dan die risiko kan loop om opgeskort te word of die accounting official kan ge-fine word, ge-jail word of both.<br><br>E. So, ek noem dit maar nou net vir die rekord. |
| **146** | Speaker:<br>Cllr. J Hayes | | A. Dankie.<br><br>B. Raadslid Bergh? |
